# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**12 Maart 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**

**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**

**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 146-1:1,7,8
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Romeine 13:8-10
**Sing:** Lied 233:1
**Gebed**
**Skriflesing:** Hebreërs 13:1-6
**Sing:** Psalm 23-3:1,2,3
**Fokus:** Hebreërs 13:2
**Preek:**



**Tema:**

*Ontvang mekaar vriendelik en met liefde.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 530:1,2,3
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Kerklike Tydskrifte.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 9
19 Maart: Wyk 10
26 Maart: Wyk 11



**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**
Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**VLAMVAT – LIEFDEVOLLE VERHOUDINGS:**
Die Vlamvatspan het besluit om volgende aan liefdevolle verhoudinge aandag te gee. As wegspring begin ds. Jannie vandag met 'n reeks preke oor liefdevolle verhoudinge. Om liefdevolle verhoudinge 'n hupstoot te gee, moet 'n Verwelkomingspan/Groetspan so gou moontlik op die been gebring word. LIDMATE WAT WIL DEEL VORM VAN DIE SPAN, KAN VIR MARTHIE VAN DER SCHYFF (072 336 4266) KONTAK. Voorts is die volgende aksiestappe geïdentifiseer en sal mettertyd meer daaroor aan julle deurgegee word:

► Die kennisgewingborde by die ingangsportale gaan opgeknap word, wat 'n hartlike woord van welkom aan lidmate/besoekers rig wat Sondae die erediens bywoon. Lidmate wat kunstig is en kan help met die opknap van die kennisgewingborde, kan ook vir Marthie van der Schyff kontak.
► Duidelike aanwysings gaan aangebring word van byvoorbeeld waar die kuier area, toilette ensovoorts is.
► Die tee/koffie drinkplek OF KUIER AREA gaan opgeknap word.
► Daar sal van alle lidmate (volwassenes en kinders) wat die erediens bywoon, verwag word om 'n naamkaartjie/plakker te voltooi en te dra tydens die erediens.
► Lidmate word uitgenooi om Sondae vroeër kerk toe te kom, sodat 'n koppie tee/koffie voor die erediens en weer na die erediens geniet kan word.
► Lidmate sal voor die aanvang van die erediens 'n groet sessie hê om al die lidmate wat voor en agter jou sit, te groet.
► Die lief en leed sal elke Sondag van die preekstoel aan die gemeente voorgehou word.
► Dan beplan ons om van volgende Sondag af net een deur oop te maak om die kerkgebou binne te gaan. Die gedagte is dat ons na die erediens die lidmate wil begelei om mekaar te groet soos ons die kerkgebou verlaat en

vandaar 'n koppie tee of koffie saam te geniet – terwyl die kinders met katkisasie besig is.

► Ons gaan weer begin om vir lidmate wat siek is of beproewings beleef, Sondae blomme te gee.

► 'n Speel area gaan buite die kerk opgerig word.

► Ons gaan boekmerke maak en 'n verwelkomings pamflet saamstel om aan nuwe lidmate uit te deel.

► Ons gaan kinders van graad R af betrek met die opneem van kollektes by die deure.

► Die span doen ook navrae by ander gemeentes om by hulle te leer oor wat die beste praktyke vir liefdevolle verhoudings is.

**VLAMVATSPAN BYEENKOMS:**

Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms wat volgens ons gemeente se Kalender beplan was vir eerskomende Dinsdag (14 Maart), is verskuif na volgende Woensdag (22 Maart).

**SILWERJARE-VRIENDEKRING:**

Voordat ons twee gemeentes saamgesmelt het, het beide GK Welkom en GK Welkom-Noord van tyd tot tyd funksies vir senior lidmate gehad. In GK Welkom-Noord is dit Klub 50+ genoem en in GK Welkom is dit Silwerjare genoem. Na die samesmelting het ons dit Silwerjare-Vriendekring genoem. Sedert Covid-19 was daar nog nie weer sulke saamkuiers nie. Daar is 'n behoefte om dit weer te doen en is daar besluit om op Vrydag 24 Maart weer so 'n saamkuier te hê. Almal wat 50 jaar en ouer is, is welkom om op 24 Maart om 11:00 by die kerksaal te kom saamkuier. Ons vra soos in die verlede dat elkeen 'n bordjie eetgoed saambring. Koffie, tee en sap sal voorsien word. Vir navrae, kontak vir br. Vernon Neumann (063 664 5744).

**FACEBOOK-BLAD:**

Ons het met behulp van mense wat op hierdie gebied spesialiseer 'n nuwe Facebook-blad vir ons gemeente geskep. Die skakel na ons Facebook-blad is: https://www.facebook.com/GKWelkom/

Ons versoek alle lidmate wat op Facebook is, om na ons gemeente se Facebook-blad te gaan kyk en die "hou van" of "volg" knoppie te druk. Help ons asseblief so om ons nuwe Facebook-blad te laat groei.



# Ek Verjaar!





Die volgende lidmate verjaar tot 18 Maart 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 15 Maart | Karel van der Walt | 083 629 2200 |
| 16 Maart | Katrien Schepers | 083 753 1955 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons lidmate, sr. Nicolette Janse van Rensburg is oorlede. Ons innige simpatie aan haar familie.
- Ons vra steeds voorbidding vir sr. René van der Walt (083 309 9519) wat nou al lank in Bloemfontein Medi-Clinic is. Ons vra ook voorbidding vir haar man, br. Wallie (083 635 3727).
- Ons vra voorbidding vir sr. Marlene Enslin (083 941 8878) wat steeds nie baie mobiel is nie, na die groot rugoperasie wat sy verlede jaar ondergaan het. Die herstelpad is lank, stadig en frustrerend.
- Sr. Tilla Volschenk (076 204 1396) het 'n oogoperasie ondergaan. Ons bid haar volkome herstel toe.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.
- Baie geluk aan Tyla-Ann Wasmüth (062 093 6146) wat verlede naweek tydens die Vrystaat skole-atletiekbyeenkoms 'n eerste plek in die meisies onder 17 skyfwerp behaal het en in die proses die Vrystaat rekord verbeter het. Sy het ook in die meisies onder 17 gewigstoot presteer.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** https://www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

